

V LIS MET VLERKE

ANNEMARI COETSER

'n Nota aan die onderwyser: Verwys asb na die blokkiesraaisel op p 59 in die leesboek. Laat asb. die leerders die tweede laaste blokkie van "Dwars 1" swart inkleur. Sien ook die blokraaisel-oplossing op p3 van hierdie dokument.

HOOFSTUK 1

1. 'n Aaklige gil/ 'n spookagtige geluid/ 'n geluid wat 'n alien maak (Enigeen)
2. Hy het 'n speletjie op sy PSP gespeel.
3. 'n Ronde, swart, "weird" ding.
4. 4.1 Jean-Marie
4.2 Sy het nie van die naam gehou nie: sy wou liever "JM" genoem word. Toe word sy later "Jam".
4.3 21
4.4 Sy is 'n inwonende au pair (kinderoppasser)
4.5 Sy het kort rooi hare en 'n kort lyfie
4.6 Sy gee om vir mense, want sy kom versorg haar siek tannie. Sy gee baie om vir Zander en Andine, want sy neem hulle op interessante uitstappies. Sy het 'n sin vir humor, want sy maak danspassies om te wys "hoe cool sy is en hoe sy kook".
(Enige karaktertrek met motivering uit die storie.)
5. Hy is oom Frans en tannie Elize se grootmaakkind.
6. 'n Verestoffer
7. Soos " 'n toneel uit 'n horror movie".
8. Hulle het daar gaan bergklim.
9. ONWAAR. "Sy het nog nooit 'n dag van haar lewe haar vingers in skottelgoedwater of in die grond gehad nie."
10. Saam met haar vriendinne, Lucia en Angelique.
11. 12 jaar
12. Haar kop is deurmekaar – soms voel dit vir haar asof sy net wil huil of haarself wil doodlag. Jam sê dis alles net puberteit – sy is besig om groot te word.

AKTIWITEIT: Moontlike antwoorde

WOORD UIT DIE VERHAAL	AFRIKAANSE WOORD
Spooky	Spookagtig
Weird	Snaaks of vreemd of eienaardig
Cool	Koel of kief
Horror movie	Riller of grilprent of gruwelprent
Charity-werk	Liefdadigheidswerk
Scary	Bangerig of skrikkerig of angswekkend
Amazing	Wonderlik of ongelooflik

V LIS MET VLERKE**ANNEMARI COETSER****HOOFSTUK 2****ANTWOORDE**

1. Skroef
2. Effens soet met baie melk
3. Hy moes die tuin natspuit.
4. Hulle mag nie voor sit nie. Hulle moet altyd vasegordel wees.
5. Sy is 'n onderwyseres. Sy bestuur 'n projek waar vroue met klei en strooi en 'n bietjie bakstene toilette bou.
6. Sy is bly om hom te sien en soen hom oor en oor. Sy swaai hom in die rondte.
Andine wonder hoe dit sou voel om so gegroet te word, want haar ma groet hulle nooit so nie.
7. Dit is iemand wat in die stadium tussen tiener en klein kind is. Jy is nie die een of die ander nie.
8. Dis afgelei van die uitdrukking *nóg vis nóg vlees* (vleis). Die *vl-* van vlees en die *-is* van vis vorm 'n nuwe woord, *vlis*.
9. Andine en Jam het hierdie woord opgemaak en gebruik dit slegs tussen hulle. As Jam vra: "Voel jy *vlis* vandag?", weet sy Jam verstaan hoe sy voel.
10. Dit verwys na die pienk en blou strepieskouse wat Andine aanhet.
11. Toe Andine later die skottelgoed was, sien sy 'n swart hings in 'n kampie . Die prentjie is vir so mooi dat sy sommer wil huil. Jam wonder wat aangaan. Andine sê vir Jam om met haar tannie te gaan gesels, want vlis kan skottelgoed was.
12. WAAR. Hulle het die aand bordspeletjies gespeel om besig te bly.
13. Ludo, dambord en Tiddly Winks.
14. Hulle het 'n geheime skrif ontwikkel wat uit tekeninkies bestaan. As hulle vir mekaar skryf, gebruik hulle die skrif.

V LIS MET VLERKE**ANNEMARI COETSER****HOOFSTUK 3****ANTWOORDE**

1. Tannie Elize, Zander, Thapelo, Jam en Newu.
2. Hulle projek se boumateriaal is gesteel.
3. Hulle het die honde hoor blaf en toe 'n groot lorrie/vragmotor sien wegtrek.
4. Zander, Thapelo en Andine.
5. Kgohlo en Geheimdrif
6. Dit is vir haar baie mooi. "...haar hart wil bars van mooiheid."
7. Geroosterde toebroodjies en koffie
8. Toilet toe
9. 9.1 Jaco
9.2 By 'n dorpie nie te ver daarvandaan nie, is daar altyd bouery aan die gang. Hulle moet daar gaan kyk.
9.3 Hulle is bang/onsteld/gespanne. (Enigeen)
10. Daar het 'n ongeluk plaasgevind. 'n Vragmotor het by die afgrond afgery.
11. Leerder se eie opinie.

ANTWOORDE: BLOKKIESRAAISEL

			³ V	L	I	S				
			E							
	⁴ G		R	O	N	D	⁵ P	A	⁷ D	
¹ S			S				O		R	
E			P				L		A	
¹ S	K		E	L	M	S	I		A	
O			R				⁸ S	⁶ T	I	L
T			R				I	E		
H			I				E	L		
O			⁵ N	E	W	U		K		
			G					⁹ O	O	M
			⁴ O			⁷ J	A	M		
² B	O	E	R							
B			A							
			⁶ L	A	N	D	Y			

V LIS MET VLERKE**ANNEMARI COETSER****HOOFSTUK 4****ANTWOORDE**

1. Andine skat die kloof is so drie verdiepings diep, as mens dit met 'n gebou vergelyk.
2. Jaco sien dat van die takke gebreek is.
3. Sy huil omdat sy verlig is dat die kinders nie in die vragmotor is nie. Daar is baie bloed en sy besef dat wie ook al daarbinne was, baie seer gekry het.
4. "Ek is vreeslik honger."
5. Hulle het Thapelo herken as "Newu se kind".
6. Hulle is swart mans wat Sesotho praat. Een het 'n glasoog en "dik vingers" . Die ander een dra vuil klere. Sy asem stink (bl. 25).
7. 7.1 Hulle sien varke, honde en hoenders.
7.2 Die huise is ronde, tradisionele modderhuisies met grasdakke.
7.3 Jaco gesels met 'n paar gryskopmans.
7.4 Andine se ouers is op 'n tien dae staptog hoog in die berge, waar daar geen selfoonontvangs is nie.
8. Hulle sien die trok agter die winkel, wat langs die skool is.
9. Die skelms het in 'n taxi verder gevlug.
10. Ons doen dit self.
11. Die indoenas het 'n uur vantevore die kinders saam met die mans gesien. Andine-hulle weet nou ook dat die kinders in 'n taxi is.
12. Die indoenas het gesien dat die een seun die ander moet lei. Dit lyk dus asof een van hulle nie kan sien nie.

V LIS MET VLERKE**ANNEMARI COETSER****HOOFSTUK 5****ANTWOORDE**

1. 'n Lang romp, 'n doek om haar maag gebind, stringe pers en pienk krale, 'n kopdoek met 'n bos rooi en oranje vere. Haar hare is rooi gemaak met klei.
2. Sy praat in 'n vreemde stem (dreunstem) en sy het 'n lispel as sy praat (sê "l" in plaas van "r").
3. Sy sê dis twee slegte mans. Een het 'n glasoo en die ander dra 'n vuil broek en blou hemp.
4. Die sangoma hoor musiek. Sy sê daar is baie mense in die motor en hulle ry baie vinnig.
5. Sy weet nie presies waar die seuns en mans is nie.
6. 'n Pistoel.
7. "... you will learn to fly." Jy sal leer vlieg.
8. Hy het met albei sy voete op Glasoo se voete gespring. Glasoo het hom toe aan sy nek gegryp en 'n vuishou teen die kop gegee. Alles het swart geword voor hom. Hy het besluit om te maak asof hy blind is en Thapelo het hom rondgelei.
9. Almal het gelyk begin praat. Daarna het dit skielik stil geword – selfs die radio is afgeskakel. Glasoo het 'n pistool op Zander gerig.
10. Die sangoma het voorspel dat een van die diewe 'n pistool op 'n blonde seun sal rig. Sy was ook reg oor die geraas en die musiek in die taxi.

V LIS MET VLERKE**ANNEMARI COETSER****HOOFSTUK 6****ANTWOORDE**

1. Daar is so baie van hulle op die pad. Hulle is almal wit.
2. Daar was so baie afdraaipaaie. Dit maak haar gespanne omdat sy nie weet watter een om te neem nie.
3. Iets soos “ Dis onmoontlik om die taxi te vind”.
4. 4.1 Hulle stamp liggies aan mekaar.
4.2 By ‘n piekniekplek.
4.3 Hulle klim vining uit.
5. Na Geheimdrif
6. Dis in hulle geheime skrif geskryf.
7. WAAR
8. Hulle het ‘n gevaarlike wapen by hulle en kan enige tyd iemand doodmaak.
9. Die polisie het gesê dat die taxi by ‘n piekniekplek op pad na Kgothlo gevind is. Die passasiers het uitgeklim en die mans het met die taxibestuurder en die seuns verder gery. Die goeie nuus is dat die seuns nog lewe en ook dat Jam-hulle nou weet in watter omgewing die seuns moontlik is.
10. Jam praat deurmekaar en sy huil.
11. Al wat saakmaak, is dat hulle haar boetie en Thapelo moet kry.

AKTIWITEIT

Die uitdrukkings in KOLOM A met hulle verklarings in KOLOM B is:

	KOLOM A		KOLOM B
1.	sit soos sardientjies ingeryg		styf teen mekaar sit
2.	blaker alles uit		alles oorvertel
3.	aan ‘n lyntjie hou		iemand op ‘n antwoord laat wag
4.	soek na ‘n naald in ‘n hooimied		‘n moeilike taak onderneem

V LIS MET VLERKE**ANNEMARI COETSER****HOOFSTUK 7****ANTWOORDE**

1. Sy wil na die plek ry waar die mense uit die taxi geklim het. Daarna wil sy die taxi soek en die skurke laat boet vir wat hulle aan die seuns gedoen het.
2. Hy lewe. Die taxi is Geheimdrif toe. Hy is nie blind nie. *(enige twee)*
3. Zander kan nie sy oë oophou nie. Hy wil graag met sy kop teen die venster leun en 'n bietjie slaap. Hy sien dat Thapelo se kop ook "knik". Dit beteken hy is ook moeg.
4. Die polisiemotor staan by die garage by die ingang na die dorp.
5. Die polisie het dwars voor die taxi ingedraai.
6. Hy het onmiddellik uitgespring.
7. Thapelo
8. Hy het geweet dat die polisie nie sou skiet nie OF hy gebruik Zander om hom te beskerm OF hy wil die mense laat glo hy kan enige tyd vir Zander skiet.
9. "vlis-sonder-vrees" (bl. 46)
10. "If you make the right choice, if you have courage, you will learn to fly" / "When the moment arrives, you will recognise it."
11. JA. "Andine herken die oomblik."
12. Hy het sy pistool laat sak en Zander 'n ligte stampie tot in Andine se arms gegee.
13. 13.1 Andine se modesmaak, en by implikasie, wat vir haar belangrik is (was).
13.2 Die blou vlerkies langs die enkels.
13.3 Die meisie wat altyd verward was oor haar gevoelens (nóg vis nóg vlees), het nou so baie selfvertroue dat sy kan "vlieg". Sy is wel 'n vlis, maar sy het aan haarself bewys dat sy besluite kan neem en nie meer bang is nie.
13.4 Sy het in die oog van 'n pistool gekyk. Sy weet sy kan vlieg. Sy is nie meer skrikkerig nie.
14. Teen die einde van die verhaal het Jam teen Jaco se skouer aan die slaap geraak. Hy het Jam en die kinders ondersteun tydens die onderhoude en tannie Elize en Newu gebel en gerus gestel.
15. By Geheimdrif se garage.
16. Hulle het onderhoude met die TV-nuus en ander joernaliste gehad. Iemand het op Facebook en Twitter oor hulle geskryf.